

SARS KOMMISSARIS LIG ONWETTIGE EKONOMIE UIT BY INTERNASIONALE DOEANE DAG BYEENKOMS

PRETORIA, Vrydag 24 Januarie 2020 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag 'n byeenkoms aangebied ter viering van Internasionale Doeane Dag wat jaarliks wêreldwyd gevier word op 26 Januarie.

Vanjaar se tema, wat deur die Wêreld Doeane Organisasie (WCO) bepaal word, is "Doeane kweek volhoubaarheid vir mense, welvaart en die planeet".

Internasionale Doeane Dag (ICD) word jaarliks op 26 Januarie gevier wat die dag is waarop die Doeane Raad van Samewerking (CCC) sy eerste byeenkoms gehou het in 1953. Die CCC het die werksnaam Wêreld Doeane Organisasie (WCO) in 1994 aangeneem. Die dag word jaarliks gevier rondom 'n tema gekies deur die WCO sekretariaat en aan al 180 WCO-lede gekommunikeer.

Die SARS-kommissaris Edward Kieswetter het in sy programrede gepraat oor hoe die tema gefokus is op die rol wat doeane speel in die beskerming van die samelewing, in die administrasie van handeldryf en die ondersteuning van ekonomiese groei en ontwikkeling, asook in die beskerming van die omgewing.

Ten opsigte van die eerste element, d.i. die beskerming van die samelewing, het die kommissaris gepraat oor SARS se pogings in die aanspreek van beweging van onwettige goedere en persone oor ons grense (die onwettige ekonomie).

Hy het gesê dat die heringestelde onwettige ekonomie eenheid, wat fokus op onwettige bedrywighede soos die smokkeling van tabak, onwettige invoere, nagmaakte goedere, ens., nou saamwerk met ander vennootagentskappe soos die NPA en reeds suksesse beleef. Sodanige het reeds R 2.6 miljard belasting verhaal sedert 1 April 2019.

"Terwyl die verhaling van inkomste krities is in die optrede teen die onwettige ekonomie, het ons ook ons pogings verdubbel in die beslaglegging en verwydering van onwettige produkte uit sirkulasie, en sodoende bedrywighede ontstig van diegene wat vasberade is om ons wette en regulasies te ondermyn."

Hy het gesê dat dit SARS se voorneme is om die onwettige ekonomie beter te verstaan en sodoende die nodige kapasiteit te skep om die bestaande programme, wat dit binne die SARS-mandaat hanteer, te versterk.

Daar is 'n belangrike behoefte om alle onwettige bedrywighede aan te spreek wat onaanvaarbare kriminele proporsies aangeneem het. SARS, wat 'n bewaarder van vertroulike inligting is, het 'n toename in kriminele bedrywighede opgemerk wat op sy beamptes gemik is, wat die diefstal van vertroulike inligting en skootrekenaars insluit. Ten spyte van hierdie kriminele handeling, is ons stelsel nie binnegedring nie en ons inligting bly ongeskonde en veilig. Dit word daarom meer en meer belangrik om al sodanige kriminele bedrywighede te beveg.

- Verkry [hier](#) toegang tot die kommissaris se programrede.
- Vir die voorlegging oor die onwettige ekonomie byeenkoms wat gedeel is by Internasionale Doeane Dag, [klik hier](#).